

## DIE INGEBRUIKSTELLING VAN PAPIERGELD IN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK

Dat die Transvaalse gemeenskap onder pioniersomstandighede groot ekonomiese probleme sou ondervind, is haas vanselfsprekend. Toe die uittoeg uit die Kaapkolonie omstreeks 1836 'n aanvang geneem het, was die meeste Trekkers sijn of meer redelik goed van kontantgeld voorsien. Die onbestendige lawe op die trekpad, die rusteloosheid en gebrek aan bestendigheid wat die volgende tien jaar of langer haas elke Voortrekker se lot sou wees, het moegebring dat voortdurend vir lewensonderhoud op die beskikbare kontant teruggeval moes word. Toe uiteindelik na jare van swerf weer 'n mate van bestendigheid in die gebied ten noorde van die Vaalrivier bereik is, het die meeste mense nyr nagenoeg geen kontantgeld beskik nie. In 'n brief wat die Volksraad in 1851 aan Smeltekamp gerig het, word beklemtoon hoe noodsaaklik dit is om vaste handelsbetrekkinge met die buitewêreld op te bou. Om egter daartoe in staat te wees is geld nodig en tot sy leedwese moet erken word dat „voor velen onder ons is het onmoglyk om zelfs Rd. 5 aan geld byeontebrengen". Die afgeleë ligging van die Oor-Vaalse gemeenskap met sy wak verbindingsweë, was ook nie daartoe bevorderlik om handelaars aan te moedig om in groot getalle die gebied te besoek nie.

Wat die posisie nog moeiliker gemaak het was dat geld vir hierdie gemeenskap 'n onmisbare lewensnoodsaaklikheid geword het. Die dae dat ruilhandel in hulle ekonomiese behoeftes kon voorsien, was permanent iets van die verlede veral nou dat hulle ook tot staatsligting en staats-instandhouding geroepe was. Hoe eenvoudig die aanvanklike landsadministrasie ook al was, sonder 'n gereelde en bestendige inkomste aan kontantgeld, kon dit nie instand gelou word nie.

Vir hulle wat aan die hoof van sake gestaan het, was dit nodig om bronne van inkomste te vind. In 1841 het die Volksraad handelaars aan luensiegeldde onderfewig gemaak en 'n boete vir bopasde oortredings bedink.<sup>1</sup> Met 'n groot mate van vindingrykheid is ook nog ander vorme van indirekte belasting ingestel.<sup>2</sup> Omdat die stelsel van indirekte belasting nie voldoende opgelewer het om die owerheid in staat te stel om al sy verpligtings na te kom nie, is betreklik vroeg 'n soort hoofbelasting wat op drie Ryksdaalders per jaar „voor elk huul die busen twintig jaar oud zyn of gelouwd zyn" te staan gekom het, ingestel.<sup>3</sup> In 1852 het landdroes Smit van Potchefstroom 'n omvattende voorstel aan die Volksraad voorgelê en 'n hele aantal nuwe belastings aan die hand gedoen.<sup>4</sup> Die Volke-

<sup>1</sup> Die voorwring waarop hierdie artikel berus, is o.a. moontlik gemaak deur 'n toekenning van die Nasionale Bank vir Sosiale Verowering.

1. E.V.R. 275, pp. 42-45: Besl. van Volksraad aan J. A. Smeltekamp, dd. Lydenburg, 5 Desember 1851.

2. V.R.B. 21 Januarie 1846, Arts. 2 en 3.

3. Pelzer, A. N.: *Wes-Bergsjournaal*, bl. 71.

4. V.R.B. 23 September 1852, Art. 35.

5. V.R. 221/52: Landdroes A. Smit aan Volksraad, dd. Mootrivier, 16 Junie 1852.

raad het met goedtrif hierop gereageer en tydens sy sitting wat toe juis aan die gang was, aporoenvolgens 'n hoedelbelasting, 'n afslersbelasting, leerege op plase en erwe en 'n lisensie vir die verkoop van sterk drank ingestel.<sup>6</sup> In 1853 nadat die Transvaalse gemeenskap sy eerste prodikaat gekry het, is ook 'n soort kerkbelasting ingestel op „alle mannelike persone van byna de 16 jaar en alle vrouwelyke byna de 20 jaar, . . . getrouwd en ongetrouwd insaak geene uitzondering“.<sup>7</sup>

Die eerste eksperimentele fase met betrekking tot die land se belastingwese was teen 1856 voltooi toe die landsvaders dit goedgedink het om in die grondwet aan te dui dat die inkomste van die staat sou bestaan uit:

- (a) „De winsten op den verkoop van kruut, lood, tin, vuursteenen en percussie-dopjes.
- (b) Licentien aan Winkeliers, buitenlandsehe Tugtgangers, Vende-Afslagers en sterkendrank-verkoopers.
- (c) Transport-gelden bij overdragt van vaste goederen.
- (d) Heerenregten of regt van overdragt op den verkoop van onroerende goederen.
- (e) Sularingeld of regt van overdragt, te betalen door den Vende-afslager, op den verkoop van roerende goederen.
- (f) Hofkosten of vergoeding van kosten der Geregtshoven, betaalde gelden voor apellen, dagvaardingen, enz.
- (g) Boeten.
- (h) Markt- en schutgelden.
- (i) Commissarisgeld van trouwen.
- (j) Belasting door het volk te betalen.“<sup>8</sup>

Die blote bestaan van belastinge het nog nie aan die staat 'n oubekommerde bestaan verseker nie. Die oordrewe individualisme, so kenmerkend van 'n groot aantal van die eerste introckers in Transvaal, het meegebring dat hulle nie altyd owerheidsgesug was eerbiedig nie en dikwels uit blote koppigtheid geweier het om belasting te betaal.<sup>9</sup> Daarby kom dat die landvaders in die besef van hulle onmag, heel dikwels swuk opgetree het en onwillige belastingebetalers eerder geroebat as gelwing het om hulle plig na te kom.<sup>10</sup> Die veremin om belasting te betaal moet egter nie altyd om maedawilligheid toegeskryf word nie. In baie gevalle was die mense as 'n gevolg van armoede nie in staat om te betaal nie.<sup>11</sup>

Maar die gevolg van dit alles was dat dit vir die owerheid uiters moeilik geword het om die landsadministrasie aan die gang te hou. Reeds so vroeg as 1853 was daar 'n staatskuld wat nie uit normale inkomstebronne die hoof gebied kon word nie en was die Volkstrand genoodsaak om opdrag te gee dat erwe en plase verkoop word ten einde die skuld van die landkas

6. V.R.B. 15 Junie 1852, artt. 66, 67, 69, 72, 74 en 76.

7. Kommissie V.R.B. 9 Augustus 1853, art. 26.

8. *De Lovale Wetten der Z.A. Republiek*, 1849-1885, bl. 65; Grondwet van de Zuid-Afrikaansche Republiek, art. 128.

9. Pelzer, A. N.: *Forlengingelore*, bl. 56.

10. V.R.B. 20 Maart 1852, art. 94.

11. V.R.B. 20 November 1853, art. 78.

uit te delf.<sup>12</sup> En toe dit onmoontlik geblyk het om die landsinkomste te verhoog, was die Volksraad genoodsaak om waar moontlik, besparingsmaatreëls toe te pas. In 1853 is die Volksraad deur 'n groep burgers versoek „dat UWFd. de te hoogen tractementen verminderen zal“<sup>13</sup> en as antwoord op die versoek besluit die Raad met moederheid van stemme om nie 'n traktement aan M. W. Pretorius wat hom leuenlik in landsbelang afgeloof het, toe te ken nie „omredenen derze Ed. Hooren niet weten waar de fondsen uit te vinden waaruit zulks zal moeten worden betaalt, alsmede omdat de Algemeene Kas reeds te veel bezwaart is met schulden“.<sup>14</sup>

In 1853 moes die landdros van Lydenburg erken dat deur gebrek aan fondse „veele menigen goeden belangryken en wenschelyken zaak schipbreuk lydt en verloren gaat“.<sup>15</sup> Twee jaar later was die posisie so sleg dat die staat nie meer sy verpligtinge kon nakom nie met die gevolg dat amptenare sonder salaris en derhalwe sonder inkomste moes bly.<sup>16</sup> Die nadelige gevolge op die goeie naam en aansien van die staat het dan ook nie uitgebly nie en in 1858 moes Pretorius hom by die Volksraad beklag dat „De Edele Uitvoerende Raad heeft reeds alle pogingen aangewend om het Gouvernement dieses Staats, gedurende het afgelopen jaar, zonder inkomsten van enig aardbelang, op de been te houden, hoe drukkend, moeilijk en zwaar het ook voor de ambtenaren was, daar zij sedert dien tyd geene belooning voor hunne gedane arbeid hebben gemoeten, en dikweil gedrongen waren, wilde zy iets op Gouvernements rekening, ten gebroeke van den Staat inkooppen, hunne eigene namen te moeten leenen, daar er geen het minste vertrouwen door den handelaar in dit Gouvernement gesteld wordt“.<sup>17</sup>

Dit was omstandighede van hierdie aard wat die regering gedwing het om buitengewone middelle en metodes te oorweeg om die finansiële situasie van die Republiek te red. En tog het die middel wat uiteindelik as 'n oplossing beskou is, nie sy oorsprong by die regering gevind nie. Vroeg in 1855 het 'n aantal inwoners van Potchefstroom die regering versoek om met die oog op die vermindering van goud en silwergeld in die Republiek en by gebreke aan 'n eie munt, „Papier Geld onder ons Republiek in sirkulasie te bringen onder een Gouvernementsbank van Leening“. As sekuriteit vir die papiergeld wat aldus in sirkulasie gebring sou word, so word verder aan die hand gegee, moes of die beskikbare gouwernementsgrond „als ook andere onbelaste gronden van Land Eigenaars“ onder verband gebring word.<sup>18</sup> Waarskynlik het die voorstel die Volksraad innuiklik onvoorbereid gevang en daarom het die landvaaders die memorialiste kort en snaklik geantwoord dat die voorgestelde plan nie

12. V.R.B. 13 Augustus 1853, art. 59.

13. V.R. 327/53: Memorie uit Lydenburg, dd. 16 September 1853.

14. V.R.B. 20 September 1853, art. 27.

15. E.V.R. 235, pp. 122-7: C. Pongietter namens Volksraad van C. Brand, dd. Lydenburg, 2 Februarie 1855.

16. Vgl. o.a. V.R. 399/53, V.R. 407/54 en V.R. 418/55.

17. R.2199/58; M. W. Pretorius aan die Volksraad, dd. 13 Julie 1858.

18. V.R. 926/55: Versoekskrif van 82 persone aan die Volksraad, dd. Potchefstroom 16 Maart 1855.

winneemlik is nie maar as hulle aan 'n betor skema kan dink, dit op sy volgende vergadering aan die Volkeraad voorgelê kan word.<sup>19</sup> Hoewel die memorialiste nie weer van hulle laat hoor het nie, het hulle met die voorstel tog 'n gedagte aan die gang gevat wat in die volgende jaar die ekonomiese lewe van die land op 'n heel besondere wyse sou beïnvloed. En die persoon wat aan regeringskant klaarblyklik die meeste daardeur beïndruk is, was niemand minder as die latere staatspresident, M. W. Pretorius nie.

Nadat hy blykbaar lank oor die saak nagedink het, het M. W. Pretorius in die loop van 1857 'n plan aan die Volkeraad voorgelê „om papiernooten te drukken” met goewernementsgrond as sekuriteit waardeur die regering in staat gestel sou word om „eenige plannen die het in 't oog had” ten uitvoer te bring.<sup>20</sup> Die Volkeraad het die voorstel in beginsel aanvaar maar die president so aandag daarop gevestig dat kragtens artikel 37 van die grondwet, drie insake kennis gegee moet word van nuwe wetgewing. Op die wenk — sieslik 'n soort terugwysing — het die president vinnig gereageer en op 2 Oktober 'n kennisgewing in die Staatskoerant laat verskyn waarin hy die publiek bekend stel van sy voorneme om met goewernementsgrond as sekuriteit, papiergeld uit te gee ten einde bepaalde planne van die regering ten uitvoer te bring.<sup>21</sup> Wat die plannne was, word nie vermeld nie en die bedrag waarvoor papiergeld uitgegee sou word, word ook verswyg.

Toe die advertensie in die Staatskoerant geen ongunstige kommentaar uitgelok het nie, het Pretorius in 1858 weer op die saak teruggekom om in 'n skrywe aan die Volkeraad verwys na die goedkeuring wat die Volkeraad in September 1857 gegee het dat papiergeld gedruk mag word om bepaalde plannne ten uitvoer te bring. In sy brief onthul hy wat die destydse plan was, nl. „het in eigene handen nemen, door dit Goewernement, het smelten van lood, en het verkoopen van krygsbehoefte”.<sup>22</sup> Met die oog op behoeftes van hierdie aard en die moontlikheid om dringende staatskulde af te betaal, vra hy die Volkeraad of dit nie nuttiger sou wees om „Mattjowie Stad” en omliggende dorpsgronde te verkoop as om dit nuttelos en renteloes te laat lê nie. Hy beklemtoon ook dat sy voorstel as 'n maatreël bedoel was om die aansien van die staat in die oë van die handelaars te verhoog aangesien by hulle geen respek vir die staat bestaan het nie. Die Volkeraad het die voorstel van die president eensparig goedgekeur en besluit dat, mer die druk van die papiergeld wel 'n begin gemaak kan word maar dat dit nie in sirkulasie gebring mag word voor die September-sitting van die Raad nie „om de proeven der papiernoten ter approbatie voor te leggen”.<sup>23</sup> Om een of ander duistere rede het die president nie van die volhuig gebruik gemaak nie en het daar in 1858 geen gedrukte note verskyn nie. Klaarblyklik is onverwagte teenspoed met die druk van

19. V.R.B. 14 Junie 1855, Art. 106.

20. V.R.B. 9 September 1857, Art. 5.

21. Staatskoerant, 2 Oktober 1857.

22. H.2193/56: Staatspresident en Uitvoerende Raad aan Volkeraad, dd. 13 Julie 1858.

23. V.R.B. 13 Julie 1858, art. 12.

die note ondervind sodat die toevlug tot die veel makliker maar teweens veel gevaarliker praktyk van „Goed Voors” gemeent is. In werklikheid was die „goed voors” skuldbewys wat deur haas iedere amptenaar namens die staat aan persone uitgereik is ter betaling van een of ander diens wat deur so 'n persoon verrig is.<sup>24</sup> Hoeveel „goed voors” daar in 1858 en daarna uitgegee is, is heeltemal onmoontlik om vaste stel. Maarblyklik is daar op baie beperkte skaal van hierdie vorm van papiergeld wat as die logiese voorloper van die latere sogenaamde „mandate” gebruik gemaak.

Die gebruikmaking van „goed voors” was nie 'n oplossing vir die finansiële dilemma waarvoor die staat te staan gekom het nie. In 'n sekere sin het dit die bestaande probleem vererger omdat lunddroste en ander gesagdraers op nie hantjie „goed voors” uitgereik het sodat weldra niemand meer geweet het wat die staat se verpligting in dié opsig was nie. Die ongunstige uitwerking van hierdie praktyk het reeds vroeg in 1860 geblyk toe die Uitvoerende Raad hom teenoor die Volksraad bekla het dat hy nie in staat is „eens opgawe der vele schulden aan U.WilhoogEdelen te doen, of te zeggen, wat de inkomsten syn of te weten waar de ontvangen golden syn gebleven”. Om die saak te breëder voor dit te laat is, gee die Uitvoerende Raad aan die hand dat 'n kommissie van drie lede benoem word wat onder andere tot taak sal hê om vas te stel „welke alle schulden van den Staat zyn”.<sup>25</sup> Die Volksraad het die wenk aanvaar<sup>26</sup> en 'n kommissie benoem bestaande uit die here J. P. Marais, F. G. Wolmarans en J. H. R. Lemmer.

Die kommissie het met hulle ondersoek aan die lig gebring dat die land se finansies in 'n naglike toestand verkeer het wat hoofsaaklik aan wan administrasie en onbevoegde amptenare moes toegeakryf word. Uit hulle verslag het teweens geblyk dat gedurende die voorafgaande aantal jare 'n aansienlike aantal skuldbewyse en „goed voors” uitgegee is.<sup>27</sup> Dit was teweens een van die kommissie se aanbevelinge dat die „goed voors” nie uitbetaal sal word voordat nadere ondersoek na die wettigheid daarvan ingestel is nie. Ten spyte van hierdie bedroewende situasie het die waarnemende staatspresident dit tog meentlik gevind om 'n rooskleurige prentjie aan die randsede voor te skilder toe hy die September sitting van die Volksraad geopen het<sup>28</sup> en sy optimisme veral gebaseer op die verduering wat die wolbedryf gedurende die voorafgaande paar jaar gemaak het. Maar ten spyte van hierdie optimisme het die waarnemende president toe hy op dieselfde dag vir die eerste keer in die geskiedenis van die Republiek 'n begroting aan die Volksraad voorgelê het, begroot vir 'n tekort van Rds. 11,768-5-2.

Wat die saak des te weemoediger stem is dat die begroting van September 1858 'n tydperk van onrus en politieke onstabieliteit ingelui het

24. Vir 'n voorbeeld van 'n „goed voors”, vgl. R2065/50.

25. L.R. 1 A, D.H.B. 30 Maart 1860, nr. 8.

26. V.R.B. 7 April 1860, nr. 33.

27. R.3697/60.

28. V.A. 467/60: Waarnemende president J. H. Grobler, dd. 10 September 1860

wat die wankelende ekonomie op die rand van algehele ineenstorting gehring het. Die burgerwoelinge van die jare 1861-1864 het alle normale inkomste, kurig soos dit was, byna heeltemal laat opdroog terwyl die verpligtinge van die staat nie verminder het nie.<sup>29</sup> Bykans sonder enige kontantgeld tot sy beskikking, het die staat noodgedwonge sy toevlug geneem tot 'n vorm van skuldbewys wat amptelik as 'n „mandaat van betaling“ bekend gestaan het maar weldra in die volksmond gewoonweg mandate genoem is. Amptenare en ander persone wat vir een of ander diens geldelike vergoeding nusse ontvang, is die mandate aangebied met die belofte dat dit wanneer die staat oor voldoende kontant beskik, weer ingewissel kan word. Om die rede is die mandate nie in vaste eenhede uitgegee nie maar het die grootte daarvan gewissel na gelang van die geval — van Rds. 1 tot soveel as Rds. 500 of meer.<sup>30</sup>

Mandate is vir die eerste keer tydens die Schoemanbewind uitgereik en is op gesag van die president uitgegee en deur hom onderteken. Wat vir die toekomstige 'n ongunstige posisie laat ontstaan het, is dat aan die begin nie 'n register van die uitgegewe mandate gehou is nie. Eers vanaf Desember 1863 is 'n mandate-boek daarop nagehou en alle nuwe uitgifte daarin aangeteken. Die mandate wat vanaf 12 April 1861 tot 8 April 1862 op gesag van Schoeman uitgegee is, is meereenders kort na die uitreiking daarvan uitbetaal maar toe vanaf Mei 1863 deur die Van Rensburg-bewind ook mandate uitgegee is, het die staat oor nagenoeg geen fondse beskik nie. Gevolglik was hierdie mandate in 1864 toe die orde in die Republiek herstel is, nog in omloop terwyl niemand die omvang van hierdie vlottende staatskuld presies kon bepaal nie.<sup>31</sup> Om hierdie onsekerheid uit die weg te ruim, het die Volksraad op sy gewone jaarlike sitting in September 1864 besluit dat alle mandate wat voor 5 Desember 1863 uitgegee is en die bestaan waarvan nie voor 1 September 1865 aan die regering bekend gestel word nie, as vervalde beskou sal word.<sup>32</sup> Ongelukkig het die landsreksaandighede dit onmoontlik gemaak dat hierdie besluit alle belanghebbendes betyde bereik het en daarom nusse die regering in billikheid teenoor sodanige persone, die datum van bekendstelling telkens uitstel.<sup>33</sup>

Tot op hierdie stadium het by die landsvaders blykbaar nog nie groot bekommernis oor die mandate bestaan nie. Om die waarheid te sê het die regering telkens wanneer finansiële eise aan hom gestel word, op sorgelose wyse nog steeds nuwe mandate uitgereik. Tog het op die sitting van 1864 iets gebeur wat minstens die Volksraad laat vermoed het dat die uitgifte van mandate nie 'n gesonde finansiële beginsel was nie. Op gebruikelike wyse is die openingstoespraak van die Staatspresident na 'n komitee verwyse om daartoe verslag te lewer.<sup>34</sup> Sonder enige opdrag in die verband maar

29. R.3992 en R.3993/60.

30. V.R. 619/64 — In hierdie geval was die waarde van die mandaat Rds. 362.47.

31. Arndt, P. H. D.: *Banking and Currency Development in South Africa* (1952-1927), bl. 96. Vgl. ook Weeds, S. J.: *Hendrik van der Linden — sy rol in die Franse-Geestesgeskiedenis (1851-1880)* — ongepubliceerde M.A.-verhandeling, bl. 52.

32. V.R.B. 27 September 1864, art. 95.

33. V.R.B. 12 September 1865, art. 29.

34. V.R.B. 13 September 1864, art. 9.

na aanleiding van 'n opmerking van die president oor die staatskuld, beveel die kommissie aan dat „eene regeling wordende gemaak nuntrent de kracht en uitgifte securiteit, en verpligte en niet verpligte aansiening van mandate”.<sup>35</sup>

Na aanleiding van hierdie aanbeveling het die Volkraad toe die kommissie se verslag voor hom gelies het, besluit om die staatsprokureur vir 'n opinie te vra of privaat persone verplig is om mandate ter betaling van skuld oor en woer van mekaar te aanvaar. Wat hierdie saak betref, het by die staatsprokureur geen twyfel bestaan nie. Na sy oordeel kon geen persoon verplig word om 'n mandaat te aanvaar nie, maar die regering wel. Vir die betaling van boete, skuld, belasting of wat ook al, was die regering verplig om mandate as wettige betaalmiddel te aanvaar. Na aanleiding van hierdie advies, het die Volkraad besluit dat die regering verplig is om met betrekking tot enige transaksie, mandate te aanvaar.<sup>36</sup> Met hierdie besluit wat groter helderheid oor die geveg van mandate moes bring, is tevens ook die groot swakheid van die kunstmatige betaalmiddel geopenbaar.

Die versuim van die regering om hierdie besluit getrou na te kom, het die naderende mandate-krisis 'n stappie verder gevoer toe ens J. H. Visagie in 'n gesing met die Staat tot Rds. 375 beboet is. Toe by die boete in mandate wou betaal, het die landdros van Pretoria geweier om die mandate te aanvaar waarop 'sy agent die bekende B. G. A. D. Arnoldi, besluit het om die regering te dagvaar. In die proses wat daaruit voortgevloeit het, het Arnoldi die eenvoudige versoek tot die regering gerig om „een middel te vinden om wat als geld ontvangem word, als geld weder te kunnen uitgeven”.<sup>37</sup> Die krisis wat op hierdie wyse onverwags op die regering toegesak het, het die Uitvoerende Raad tot die besef gebring dat middelle heraan moet word „om de Mandaten gangbaar te maken”, en is onderneem om 'n voorstel in die verband aan die Volkraad voor te lê.<sup>38</sup>

Die voorneme van die Uitvoerende Raad moes daarna in wyer kring bekend geword het omdat in die loop van die volgende paar weke goeie advies uit bykans alle oorde as het ware op hom neer gereën het. Uit Potchefstroom het 'n aantal handelaars by die regering aanhovel om niet gereelde tussenposes goewernementsgrond te verkoop en met die opbrangs daarvan mandate af te los.<sup>39</sup> Wat hier voorgestel word, was egter reeds regeringshetel<sup>40</sup> hoewel nie op groot skaal toegepas nie. Uit 'n ander oord het 'n belangstellende burger juis gewaarnek teen die verkoop van grond omdat die regering daarmee sy belangrikste inkom uit sy hand laat gaan. Volgens hierdie raadgewer moes die regering „papieren geld maken”

35. V.R. 610/64: Verslag van Kommissie, dd. Pretoria, 27 September 1864.

36. V.R.B. 3 Oktober 1864, art. 171.

37. R.346/65; B. G. A. D. Arnoldi van U.R., dd. Pretoria, 23 Maart 1865.

38. U.R.B. 3 April 1865, art. 102.

39. H.471/65; Skrywe uit Potchefstroom, dd. 19 April 1865.

40. R.1192/64: Landdros N. Smit aan U.R., dd. Utrecht, 28 Desember 1864.

met regeringsgrond as sekuriteit.<sup>41</sup> Blykbaar is die wenslikheid van papiergeld teen hierdie tyd betreklik algemeen bespreek want uit Potchefstroom het 'n ander groep handelaars „sonder een bepaald opinie te geeve over het plan van Goewia. Hanknoten”, ernstig aanbeveel om „zulkz eene geveurlyke zaak” minstens twaalf maande uit te stel „als wanneer de ondervinding van de Vrystaat ons een goed voorbeeld zal zyn”.<sup>42</sup> Owerigens was die groep sterk voorstanders van die gedagte dat voldoende grond verkoop word om al die mandate mee af te los.

'n Persoon wat meer as gewone belangstelling in finansiële aangeleenthede openbaar het, was ene D. F. J. Steyn, 'n inwoner van Potchefstroom. Toe die mandate-kwessie op sy lewige bespreek is, het hy met 'n heel oorspronklike hoewel nie 'n maklik uitvoerbare plan nie, voor die dag gekom. Sy voorstel was dat die regering 'n noukeurige beraming moes maak van die waarde van alle staatsciendom en daarna met een of ander buitelandse bank 'n ooreenkoms moes aangaan om 'n tak van die bank in die Republiek te vestig. Van die bank moes die regering dan soveel aandele koop as wat 'n kwart van die opgemete staatsciendom verteenwoordig en soveel geld leen as wat daar staatskuld was op verband van een derde van die geïnspokteerde plaas.<sup>43</sup>

Die idee van 'n nuwe bank het ook 'n ander groep burgers aangegryp. Net 'n dag nadat Steyn van hom laat hoor het, het dertien memorialiste uit „Schoonspruyd” op die 25ste Mei 1865 ewe lief aan die Volkeraad die werk gegee „dat de gouvernemend moet een bank oprigten sunder versym in slaaf Papierengeld”. Die reeds opgemete gebrownemingsgrond moes as sekuriteit vir die bank gestel word en daarna moes die aantal plaas jaarliks verdubbel word „toedat wy in stand syn om een bank op te regten van klinkende mund”.<sup>44</sup> Nog 'n variësie op die uiteenlopende soort advies waarmee die regering bedien is, was uit Pretoria afkomstig toe 'n sewetal rekenans die plan aan die hand gegee het om met „eenige buitenslandse kapitalisten” in korrespondensie te tree en van hulle 'n voldoende bedrag te leen sodat die regering sorgeloos sy regeringstaak kon voortsit.<sup>45</sup>

Nadat die Uitvoerende Raad op 3 April 1865 'n skema in vooruitsig gestel het om die mandate „gaagbaar” te maak, het hy nie grus onder sy voete laat groei nie. Bes moontlik het die spontane reaksie van 'n groot aantal burgers wat planne aan die hand gegee het hie om met die mandate te werk te gaan, die regering gehelp om lig te sien. Hoos dit ook al sy, met die oog op die dringende landkultuurstandighede het president Pretorius

41. R.564/65: J. M. Visser aan U.R., dd. Schoonspruit, 12 Mei 1865. Hierdie was egter nie die eerste keer dat die moontlikheid van papiergeld onder die aandag van die top ring gebring is nie. Nagruose, 'n jaar vroeër het vier persone dit reeds gesoek. Vgl. R.278/61: F. Furstenberg en drie ander aan U.R., dd. Potchefstroom, 16 Mei 1864.

42. E.V.R. 108, p. 87: Notule van 'n vergadering van handelaars te Potchefstroom, dd. 18 Mei 1865.

43. E.V.R. 108, bl. 90: D. F. J. Steyn aan Volkeraad, dd. Potchefstroom, 24 Mei 1865. 'n Rukkie later het hy 'n soortgelyke, ewe onuitvoerbare voorstel gemaak. Vgl. E.V.R. 109, bl. 548-554: Skrywe van 22 Februarie 1866.

44. E.V.R. 108, bl. 61: Dertien burgers uit „Schoonspruyd den 25 My 1865”.

45. E.V.R. 108, bl. 36 en 39: Besluite van 'n vergadering, dd. Pretoria, 3 Junie 1865.



'n buitengewone sitting van die Volksraad vir 3 Junie 1865 het en in sy openingsreedspraak die Klem laat val op die onboudbare posisie wat vir die land se amptenare geskep word deurdat hulle salaris in mandate uitbetaal word wat deur niemand as 'n wettige betaalmiddel aanvaar word nie. Die oplossing van die probleem sien hy in die grondrykdom van die staat en daarom stel hy voor „om voor ene sekere som banknoten daar te stellen onder waarborg van een aantal Gouvernements plantsen“.<sup>46</sup>

Die Volksraad het die voorstel van die president nie ongunstig bejeën nie, maar tog 'n mate van versigtigheid aan die dag gelê en daarom besluit om 'n kommissie van drie lede te benoem wat na sorgvuldige oorweging van die mandate-kwessie, 'n beredeneerde voorstel aan die Volksraad sou voorlê.<sup>47</sup> Die kommissie het sy opdrag met bekwaame spoed afgehandel en nog dieselfde middag 'n verslag aan die Volksraad voorgelê en daarin voorgestel dat aangesien die amptenare nie meer langer van mandate kan beetsen nie, goewermentsnote uitgegee word tot 'n bedrag gelykstaande aan die salaris wat amptenare in een jaar ontvang; dat die note eens na agtien maande aflosbaar sal wees en dat dit vir die agtien maande rente teen 6% per jaar sal verdien. Omdat die jaarlikse salaris van amptenare op Rds. 129,000 per jaar te staan gekom het, stel hulle voor dat vir Rds. 140,000 papiergeld in note van Rds. 10 en Rds. 5 uitgegee word met 105 goewermentsplase as sekuriteit daarvoor.<sup>48</sup>

Die Volksraad het hom met die voorstel veroensoelwig en besluit om die Uitvoerende Raad op te drie om 'n vorm van note te ontwerp wat so noukeurig sal wees dat dit nie nagemaak kan word nie. Owerigens is nog besluit dat die note deur die Staatspresident, die voorsitter van die Volksraad en die Tesourier onderteken moet word.<sup>49</sup> Op aanbeveling van die Uitvoerende Raad is verder nog besluit dat die grond „gelegen tussen Slagapissberg en Wittriviersmond tot aan Comatie“ as waarborg vir die papiergeld gestel word. Die Volksraad het verder nog die eis gestel dat 'n akte van die waarborg van die grond opgestel sal word dat deur al die lede van die Volksraad en Uitvoerende Raad onderteken moet word.<sup>50</sup> Hieraan is op 13 Junie 1865 voldoen.<sup>51</sup> Op 3 Julie 1865 was die eerste note gereed tot 956 note van Rds. 10 en 1.300 van Rds. 5 aan die goewermentssekretaris oorhandig is.<sup>52</sup>

46. Buitengewone sitting van die Volksraad, 1 Junie 1865, art. 3. Toe Pretorius na die onstandhouding van amptenare verwyf het, moes hy waarskynlik kennis geëm het van die besluit van sy goeie vriend, Uitvoerende Raadslid M. J. Viljoen, wat op 8 Junie 1865 as eersdige bedank het. Aan die Volksraad skryf hy dat sy siek vrou die afgelope jare aan armoede en gebrek ten prooi gestel is, „weëdeur een lange tyd kan ik geen mandaat kwyttieren en ben zooloende nu niet alleen en armuel, maar leuens en schuld“ (E.V.R. 108, pp. 47-48).

47. V.R.B. 9 Junie 1865, art. 31.

48. V.R.B. 9 Junie 1865, art. 32. Vgl. ook Wessels, S. J.: *Hendrik van der Linden*, bl. 53.

49. V.R.B. 12 Junie 1865, art. 41 en 51.

50. U.R.R. 12 Junie 1865, art. 23 en V.R.B. 12 Junie 1865, art. 43.

51. R.689/65: Ondertekende borgakte. Vgl. ook E.V.R. 108, bl. 12; S.S. Band 73, bl. 161 en *Staat Courant*, 20 Junie 1865.

52. U.R.R. 3 Julie 1865, art. 1(s).

Op die oog af was daar vordering veral toe die goewernementsnote blykbaar gunstig deur die handelaars ontvang is. Henry Austin, een van die oudste handelaars in Pretoria, het flink gereageer en het 'n advertensie in die Staatskoerant al „zyne Vriendin en Begunstigers“ in kennis gestel dat hy bereid is om die note „als klinkende munt in betaling aan te nemen vooral in vereffening van oude schulden“.<sup>53</sup> Sy voorbeeld is kort daarna deur sy konkurent, J. H. W. Struben, nagevolg.<sup>54</sup> In werklikheid was dit elegs lippetaal. Ander persone het anders gereageer. Dr. Arnoldi wou ook die Staatskoerant as advertensie-medium gebruik het, het by bekend gestel dat „geen Mandaten of Gouvernements Noten zullen worden aangenomen voor Genees-, Heel- of Verloakundige diensten, of het leveren van Medicynen“. Al sy rekening moes betaal word in „(Engelsch Geld), goud of silver“.<sup>55</sup> Omdat papiergeld buite die grense van Transvaal absoluut waarde-loos was, het die handelaars die pryse van hulle artikels verdubbel en het ruilhandel langsaamhand weer die plek van geldhandel begin inneem. Die enigste voordeel van die note was dat „a good circulating medium would replace the non-circulating mandates“.<sup>56</sup>

Dat die uitgifte van papiergeld hoegenaamd nie tot die verbetering van die land se finansiële posisie bygedra het nie, het weldra tot die belanghebbende publiek deurgedring en perne aan die skryf gesit. Die regering is deur verskillende persone en instansies van advies bedien en hoewel in sommige gevalle sonder insig geskryf is het hierdie brieffskrywers, soos dikwels vrochtes, planne aan die hand gegee wat deur die regering opgevolg en in wetgewing vasgelê is. Vroeg in 1866 het 'n groep memorialiste uit Potchefstroom aan die hand gegee dat al die goud en silwer wat oor 'n tydperk van 10 jaar uit die verkoop van goewernementsgrond geïn word, bewaar moes word tot „wanneer het toerykend is“, om dan versmelt „en in ons eigen Munt met ons wapen er op“ geslaan te word.<sup>57</sup> Hoewel hierdie voorstel enigszins onuitvoerbaar was, het die brieffskrywers met 'n ander voorstel die wesentlike probleem van die jong Republiek beter begryp toe hulle voorgestel het dat intussen genoeg papiergeld uitgegee moes word om alle skulde van die staat te dek.

'n Verdere groep van agt-en-dertig memorialiste, owoeens uit Potchefstroom, het die laaste gedagte ondersteun maar dan nog verder voorgestel dat in die Republiek 'n bank opgerig word wat onder verantwoordelike bestuur geplaas sal word en dat note op hebruiklike bankpapier gedruk moes word. Hulle raak ook 'n kontensieuze saak aan as hulle voorstel dat die note onder 'n gedwonge koers uitgegee moes word en dat handelaars wil son weer om die koers te respekteer, hulle lisensies onttreem word.<sup>58</sup> By hierdie gedagterigting het W. G. Zinn, ook 'n inwoner van Potchefstroom, hom ingesluit en in 'n brief wat met insig geskryf is, aangevoer dat die

53. *State Courant*, 18 Julie 1865.

54. *State Courant*, 15 Augustus 1865.

55. Vgl. *State Courant* van 16 Januarie en 10 Julie 1866.

56. Arnoldi, P. H. D.; *Banking and Currency Development*, bl. 99 en 105.

57. E.V.R. 110, p. 279; Brief uit Potchefstroom, d.d. 10 Januarie 1866.

58. E.V.R. 109, pp. 489-492. Brief uit Potchefstroom, d.d. 30 Januarie 1866.

note in 1865 inderdaad met 'n gedwonge koers uitgegee is,<sup>59</sup> maar dat niemand die besluit verbiedig nie. Om alles te kroon, neem Zinn voorbeelde waar 'n posnester gewier het om note ter betaling van poseëls te aanvaar en op klinkende munt aangedring het. Ewe lukniek voeg hy daaraan toe dat die prestikant dieselfde voorbeeld volg en vir Trou- en Doopgeld ook op harde kontant aandring.<sup>60</sup>

Op hierdie voorstel wat blykbaar gou rugbaar geword het, is ewe vinnig gereageer deur 'n groep handelaars afkomstig uit Potchefstroom, die ekonomiese hartaar van die Republiek in die dae. In die brief word die probleem uit die saakenaar se oogpunt benader en word beklemtoon „dat het onpolitiek sowel as onregvaardig sou zyn de Gouwerments Noten een wettige of gedwongen leender voor schulden te maken". Ter ondersteuning van hulle argument word aangetoon dat kontrakte uitgegaan of geld geleen is op uitdruklike voorwaarde dat die ooreenkoms in klinkende munt nagekom moes word. Word die note tot wettige betaalmiddel ook in die geval van ou skulde verklaar, sou dit meebring dat skuldenaars bevoordeel word ten koste van skuldleiers. Die Republiek se ekonomiese afbakkigheid van die buiteland word ook sterk onderstreep. Om note tot wettige betaalmiddel te verhef, sal dous slegs tot die bestaande voorrade uitgeput is want hoe sal daarna uit die buiteland waar die note nie erken of aanvaar word nie, nou voorraad bestel kan word? Van 'n winkelier kan immers nie verwag word om note vir skuld aan hom te aanvaar as sy skuldleiers in die buiteland dit nie in ruil van heen aanvaar nie.<sup>61</sup>

Hierdie ongelowige gedagtewisseling het daarop gedui dat die verdragte<sup>62</sup> volksraadsitting wat vir Februarie 1866 bepaal is, 'n belangrike geleentheid sou word. Die lastige finansiële posisie van die land, het die regering tronens geen ander keuse gelaat nie. Iets sou gedoen moes word, drasties en dringend. In die Uitvoerende Raad waar M. W. Pretorius nog altyd die toonaangewende persoonlikheid was, is ook ernstig oor sake nagedink en sou dit per slot van rekening behoort te wees, het die amptelike leiding ook daar ontstaan toe te midde van al die briëfskrywery besluit is om aan die Volksraad voor te stel dat soveel gouwermentsnote vervaardig moes word as wat nodig sou wees om alle gouwermentsskulde nwe aan te suiwer.<sup>63</sup>

In sy gebruiklike aanspraak voor die Volksraad<sup>64</sup> het die Staatspresident die skuldefas van die staat baie ernstig onder die aandag van die Volksraad gebring en die hoop uitgespreek dat „U middelen zult

59. Zinn se bevestiging was volkome in ooreenstemming met die Volk-raad se besluit dat die note „door ieder als wettig betaalmiddel" aanvaar moet word. Vgl. V.R.B. 9 Junie 1865, art. 32.

60. E.V.B. 170, pp. 269-275. W. G. Zinn aan L.R., dd. Potchefstroom, 12 Februarie 1866.

61. E.V.R. 1094(b), pp. 509-514; Memoire van 14 handelaars, dd. Potchefstroom, 27 Februarie 1866.

62. Die Volksraad wat op 11 September 1865 ingestel het, moes as 'n gevolg van die Basnetre-vraagstuk na twee dae verdrag tot 19 Februarie 1866.

63. V.R.B. 15 Februarie 1866, art. 19.

64. *States Government*, 13 Maart 1866. Vgl. ook S.A. Argiefstukke, *Transvaal* No. 5, *Volkswaardnatsite*, Deel 7, 1064-1066, lid. 452.

beraam, die strekken kon om die schuld uit den weg te ruimen".<sup>65</sup> Die onsekerheid oor die staatskuld het reeds tydens die Volksraadsetting van Junie 1865 'n dringende vraagstuk geword toe besluit is om 'n kommissie te hennens om aan die hand van die Mandate-boek en ander inligting, noukeurig te probeer bepaal hoe groot die staatskuld eintlik is. Omdat van die kommissie verwag is om sy verslag gereed te hê vir die Septembersetting van die Volksraad, is besluit om na 1 September 1865 nie meer nuwe mandate uit te gee nie en mandaathouers in kennis te stel dat vanaf dieselfde datum geen mandate meer uitbetaal sal word nie. Dit was die verwagting dat almal wat nog van die skuldbewyse besit het, dit voor die datum aan die regering sou openbaar en dat op dié wyse vasgestel sou kon word hoe groot die staatskuld was.<sup>66</sup> Omdat oorus voortspruitende uit die Basoeto-vraagstuk die normale gang van sake ernstig verskeur het, kon die besluit nie uitgevoer word nie en moes die datum vir bekendstelling van mandate teikens uitgestel word.<sup>67</sup>

Toe die kommissie uiteindelik tog in Februarie 1866 verslag gelewer het, was hulle nog altyd in die duister omtrent die staatskuld wat ontstaan het uit mandate wat voor 5 Desember 1863 uitgereik is. Wat die tydperk daarna betref, was hulle egter in 'n posisie om te rapporteer „dat de debet zyde van het Mandatenboek bedraagt Rds. 238.277.6.1 en de Credit zyde Rds. 111.374.7.4". Daar was dus 'n nadelige saldo van Rds. 146.902.6.3 wat egter vir 'n groot gedeelte „uit de bestaan habbende onlusten" voortgevloeit het. Na berekening van die kommissie moes 'n skuld van Rds. 83.327.1.5 aan die burgerstryd toegeskryf word. Daarbenswens kon hulle ook aantoon dat sommige van die mandate in besit van landdrose, reeds gedeeltelik afgelei is sodat die staatskuld in werklikheid kleiner as Rds. 146.902.6.3 sal wees.<sup>68</sup>

Hierby aansluitende het die Staatspresident in sy aanspraak daarop gewys dat die grootste gedeelte van die landekuld uit mandate bestaan wat sodert die uitgifte van goewernementsnote, heeltemal waardeeloos gemaak het en dat die besitters daarvan „aan zeer groote verliezen onderworpen (zyn)". Om hierdie probleem die hoof te bied, gee hy aan die hand „dat de Mandaten door Gouvernements-Noten worden vervangen".<sup>69</sup> In dieselfde asem beklemtoon hy dat met betrekking tot die goewernementsnote ook moeilikheid bestaan en dat die handelaars dit nie „als geroed geld" wil aanvaar nie. Om die rede, beveel hy aan, moet middele beraam word „hoe streng dan ook, om zulke Noten gangbaar en sannerelyk te maken".<sup>70</sup>

Omdat die voorstelle van die Staatspresident beslis ingrypend van aard was, het die Volksraad nie dadelik daarop gerespeer nie maar dit oors na die Begrotingskommissie verwys om dit rustig te beoordeel en

65. Vgl. Aanspraak, art. 3.

66. V.R.B. 8 Junie 1865, art. 30 en V.R.B. 9 Junie 1865, art. 32.

67. V.R.B. 12 September 1865, art. 29 en Staats Courant 17 Oktober 1865.

68. E.V.R. 108, pp. 62-63: Verslag van die kommissie, dd. 17 Februarie 1866 en V.R.B. 9 Maart 1866, art. 314(d).

69. Vgl. Aanspraak art. 5 en 6.

70. Vgl. Aanspraak, art. 7.

bepaalde aanbevelings te maak. Op die wyse kom dit meer as 'n maand later eers weer ter sprake toe 'n reeks baie belangrike besluite in verband daarmee geneem is. Die wenk van die president is aanvaar en besluit om alle mandate met gouwermentnote te vervang en om vir die doel nuwe note te druk tot 'n bedrag van £12,000 nie te hoër waarde nie.<sup>71</sup> Klare blyklik is op die bedrag besluit omdat die Begrotingskommissie volgens skatting die uitstaande bedrag op mandate, op Rds. 130,000 gestel het.<sup>72</sup> Omdat „noch in de Kolonie de Kaap de Goede Hoop, noch in de Kolonie Natal ons geldsysteem onder de handelaars in gebruik is”, het die Begrotingskommissie aanbeveel dat die nuwe note in die Engelse geldwaarde in een hede van 2/6, 5/- en £1 uitgegee word, dat van behoorlike nootpapier gebruik gemaak word, die £1-note gedruk en onderteken word maar vir die kleiner eenhede slegs van stempels gebruik gemaak word.<sup>73</sup> Uiteindelik is al die note op dieselfde wyse gedruk en deur die Staatspresident en die oudste lid van die Uitvoerende Raad onderteken.<sup>74</sup> Die note is plaaslik vervaardig en 5,000 note van £1, 1,200 van 5/- en 3,200 van 2/6 is gedruk.<sup>75</sup>

Ten slotte het nog die wenk van die Statepresident oorgobly om die note „gangbaar en annehmelyk” te maak. Sonder luiwering het die Volksraad besluit dat die reeds bestaande sowel as die nuwe note „wettig Tender” sal wees — die note reeds in omloop, vanaf die aanname van die resolisie en die nuwe note vanaf die dag van uitgifte.<sup>76</sup>

Die Volksraad het nouliks die besluit geneem of klagtes het begin instroom dat die besluit nie geëchtheidig word nie. Niemand minder nie as die Posmeester-generaal het negatief gereageer en sy ondorgeskikte opdrag gegee om nie note ter betaling van posgeld te aanvaar nie.<sup>77</sup> Teenoor hierdie gedragslyn is egter sterk opgetroc en per openbare kennisgewing bekend gestel dat aangesien poskantore „kantore van den staat zyn”, posmeesters verplig is om note te aanvaar.<sup>78</sup>

Die Potchefstroom het selfs nog gouer klagtes teen die winkeliers ingekom wat weier om die Volksraad se besluit te eerbiedig. Die groep van dertien persone wat die beswaar by die regering aanhangig gemaak het, het die Volksraad meegedeel dat hulle die regering sal versoek om winkeliers te verplig om die note as wettige betaalmiddel te aanvaar.<sup>79</sup> Voor die volgende gewone sitting van die Volksraad, het ook ander groepe

71. V.R.B. 4 April 1866, artt. 646, 652 en 657.

72. *Staat's Courant*, 14 Augustus 1866 — Verslag van Begrotingskommissie. Vanaf 2 November 1866 is die land se haeke ook in sterlinge gehou. Vgl. E.V.R. 109, pp. 382-413.

73. Idem. Vgl. ook V.R.B. 2 November 1866, art. 641.

74. V.R.B. 6 April 1866, artt. 671 en 672.

75. SS.2701, Huisenboek, 1861, No. 1519: Gewermeesterskretaris Hendrik van der Linden aan J. P. Bezzius, dd. Pretoria, 9 Mei 1866. Op 31 Julie 1866 was note ter waarde van Rds. 91,600.2.4 gedruk — vgl. R.1090/66.

76. V.R.B. 4 April 1866, artt. 663 en 666 en V.R.B. 7 April 1866, art. 719.

77. R.539/66: Posmeester H. G. A. Arnoldi aan Pres. en U.R., dd. Pretoria, 30 Mei 1866. R.679/66: Veldk. Fortenbergh aan U.R., dd. Pretoria, 10 Julie 1866.

78. Gouvernements Krenn-gewing No. 59, *Staat's Courant*, 10 Julie 1866.

79. R.301/66: Memorie aan Volksraad, dd. Potchefstroom, 7 April 1866.

die onwilligheid van die handelssêreld om die note te saansaar onder die aandag van die regering gebring. Uit Mokwussie het 'n aantal persone na aanleiding van hierdie praktyk gevra dat onwillige handelaars by 'n eerste oortreding met 'n geldboete gestraf word en by 'n verdere oortreding, hulle lisensie ontroeven moes word.<sup>80</sup>

Op sterkte van hierdie en soortgelyke versnitte het die Volkeraad besluit om bealis op te tree en voor die uitreiking van nuwe lisensies, handelaars die volgende verbintenis te laat onderteken: „Deze licentie wordt aan den ondergeteekende verleend, onder voorwaarde, dat hy ten alle tyde, en in elk geval, waar hy, onder deze licentie goederen ter verkoop openstelt of derofve verkoopt, de Gouvernements noten thans als wettige tender verklaard, voor zoodanige goederen, tegen de volle waarde, en voor gelyke pryzen van klinkende munt, zonder uitzondering, zal moeten aannemen. In geval van niet voldoring aan den zin en mening dezer verbintenis, hy onderbevig zal zyn by de eerste zoodanige oortreding, aan een boete van . . . by de tweede oortreding, deze licentie heechouwt te worden als vervallen en geheel vernietigd”.<sup>81</sup> Ten opsigte van bestaande lisensiehouers het die Raad besluit dat indien bewys gelever word dat hulle wieser om papiergeld as gelyke waarde met goud en silwer te beskou, hulle „van hulle licentie verbeurd verklaard worden”.<sup>82</sup>

Van die kant van handelaars is teenoor die besluit van die Volkeraad skep gereageer en nie ten onregte nie. Ene H. J. Ueckermann, 'n handelaar in Heidelberg, het die besluit beskou as 'n intrek „in de Vryheid en vrye handel derer Republic”.<sup>83</sup> Net soos hy het 'n groep van 16 handelaars uit Potchefstroom die nadele van die maatregel vir sakemannes beklemtoon maar tog hulle bereidwilligheid te kenne gegee om met die regering in die verband saam te te werk mits die regering aan onderneem om nie meer as £12,000 se note uit te gee nie. Hulle vra verder nog dat handelaars wat in die Republiek woonagtig was, beskerm sou word teen konkurente uit Natal en die Kaapkolonie afkomstig.<sup>84</sup>

Die versoek van die handelaars dat vir nie meer as £12,000 nuwe note godruk moet word nie, het weldra geblyk 'n vrome wens te wees. Nurfiks twee maande later het die Staatspresident aan drukker Horrius opdrag gegee „om noch £1,000 Noten te drukken boven de £12,000 voor myne verantwoording”.<sup>85</sup> Hierna het dit geblyk dat aan die uitgee van note geen keer meer was nie. Sonder om die Volkeraad in die saak te ken, het die Uitvoerende Raad vroeg in 1867 op voorstel van die Staatspresident besluit om nog £8,000 se note in omloop te bring ten einde daarmee mandate uit sirkulasie te onttrek.<sup>86</sup> Weens 'n gebrek aan papier kon aan

80. E.V.R. 109, pp. 646-649; Ongedateerde memorie uit Mokwussie.

81. V.R.B. 20 September 1866, art. 256.

82. V.R.B. 20 September 1866, art. 257.

83. R.1013/66: H. J. Ueckermann aan Pretorius, dd. Heidelberg, 3 Oktober 1866.

84. R.1049/66: Memorie van 16 handelaars, dd. Potchefstroom, 12 Oktober 1866.

85. S.S. 2702, Blyvoetboek Pres. 1066, No. 462: M. W. Pretorius aan J. P. Horrius, dd. Potchefstroom, 10 Desember 1866.

86. U.R.B. 25 Januarie 1867, art. 58.

die besluit egter nie dadelik uitvoering gegee word nie.<sup>87</sup>

Maar selfs daarby het die saak nie geëindig nie. Hoewel in die voorgaande maande by verskillende geleenthede 'n groot aantal mandate ingewissel is,<sup>88</sup> was daar nog baie in sirkulasie en ten einde raad het die Staatspresident 'n buitengewone sitting van die Volksraad vir 15 Mei 1867 belê. In sy aanspraak voor die Volksraad het die president die lede meegedeel dat die note wat reeds uitgegee is „op verre na niet voldoende waren den Mandaten in te lossen, nog minder om andere bestaande schulden te betalen“. Daarom beveel hy aan dat minstens voldoende note gedruk word om al die mandate nog in omloop mee „te kunnen vernietigen“. Deur so 'n handeling, so voeg hy daaraan toe, sal die landskuld nie verhoog word nie „maar inplaats dat die schuld dan zal bestaan uit niet gangbare Mandaten zal de schuld dan bestaan uit goed circulerende Noten, tot gerief van iederen Burger“. Sonder die ondersteuning van die Volksraad in hierdie verband, verklaar hy dat hy nie weet „op welke wyze het bestuur des lands enigzins in eere en in behoorlyke orde te houden“.<sup>89</sup>

Die aanbevelings van die Staatspresident is na 'n kommissie verwys<sup>90</sup> wat drie dae later die notule van sy voorrigtinge aan die Volksraad voorlê.<sup>91</sup> Hieruit blyk dat na ondersoek, die kommissie tot die gevolgtrekking gekom het dat 538 mandate tot 'n gesamentlike waarde van £9,510.16.1 nog in omloop was. Op die mandate moes rente betaal word waardeur die landskuld aansienlik vermeerder is. Daarbenewens is tydens die burgerwoelinge 32 mandate vir 'n onbekende bedrag uitgereik waarvan slegs vyf by die regering ingewissel is. Op grond van hierdie bevindinge beveel die kommissie aan dat vir nog £20.000 gouwermentsnote gedruk moet word waarvan die bedrag van £12,000 uitelutlik aangewend moes word vir die uitbetaling van mandats en skuldbewyse. By herhaling word ook aanbeveel dat 'n datum bepaal moes word waarna mandate en skuldbewyse nie meer uitbetaal sal word nie. Die Volksraad het die aanbeveling aanvaar en besluit om die Staatspresident op te dra om driehonderd plase te laat registreer as sekuriteit vir hierdie note.<sup>92</sup> Ter verdere uitvoering van die kommissie se aanbevelings, is dit op 12 Junie 1867 onder die openbare aandag gebring dat 'n opgawe van alle mandate binne drie maande aan die regering verstrekk moet word waarna dit ingewissel moet word vir gouwermentsnote.<sup>93</sup>

Die begrotingskommissie vir die finansiële jaar 1867/68 het egter met nog 'n somberder prentjie voor die dag gekom. In hulle verslag erken hulle rondhartig dat hulle nie met sekerheid kan sê wat die landskuld presies is nie maar „volgens mondelinge opgaven, schattingen en inlichtingen“ was hulle van oordeel dat dit op 1 Augustus 1867 nie minder

87. R.289/67: H. van der Linden aan M. W. Pretorius, d.d. Pretoria, 22 Maart 1867.

88. R.1098/66: Hieruit blyk dat in die tien maande tussen 1 Oktober 1865 en 1 Augustus 1866 mandate ten bedrae van Rds. 36,875.0.2 ingewissel is.

89. Aanspraak Staatspresident, art. 3 in *Staats Courant*, 15 Mei 1867.

90. V.R.B. 21 Mei 1867, art. 35.

91. V.R.B. 24 Mei 1867, art. 42.

92. V.R.B. 24 Mei 1867, art. 43 en 45.

93. Gouwermentskenningsgewing, no. 63, *Staats Courant*, 12 Junie 1867.

se £ 30,000 hedra het nie. Om die skuld uit te wis, moes na hulle oordeel, onmiddellik papiergeld uitgegee word. Maar daarby eindig hulle verhaal nog nie. Die kommissie het in die opstelling van 'n begroting die standpunt ingeneem dat in belang van die staat bepaalde onmisbare uitgawes aangegaan moes word. Daardeur sou vir die lopende jaar egter 'n tekort van £ 15,000 ontstaan en hiewers as om besparingmaatreëls toe te pas, gee hulle aan die hand dat die tekort van £ 15,000 by die beraamde staatskuld van £ 30,000 gevoeg word en daartoe ook papiergeld uitgegee word.<sup>94</sup>

Dis moes vir iedereen duidelik gewees het dat hiewers 'n stroef los wae maar tog het die landsvaders ongestoord voortgegaan asof daar niks verkeerd wae nie totdat die bora skielik 'n maand of drie later met onverwagte geweld bekend hulle hoofde gehars het en die grootste knal juis in die Volksraad laat plaasvind het. Teen die einde van Oktober 1867 het 'n brief van die Tesourier-generaal die ontstellende feit aan die lig gebring dat die landskas behoorlik leeg was. Asof dit die mees alledangse gebeurtenis was, stel hy die Volksraad in kennis „dat ik niet in staat ben aan U.Ed. much aan eenig hoofdambtenaar verdere uitbetaling te doen, daar ik niet meer van Gouvernements Noten kon voorzien“.<sup>95</sup>

Die kommissie vir geldsake is daarop ten spoedigste aan die werk gestel om 'n oorsig van die finansiële toestand van die land tot op datum voor te berei en aan die Volksraad voor te lê. Dit het gebeur en daaruit het die ontstellende feit aan die lig gekom dat ondanks herhaalde versoeke die Tesourier-generaal (Hendrik van der Linden) nooit die deur die wet voorgeskrywe waarborg vir die behoorlike uitoefening van sy amp geestel het nie; dat toe die kommissie hom om sy boeke gevra het, dit geblyk het dat hy „zulke boeken niet bezit en ook nimmer een Cassa of Dagboek gehouden had“. Allee was so deurmekaar en wanontelk dat van niks verslag gogee kan word nie. Die eerste £ 12,000 se note is deur die Tesourier-generaal uitbetaal sonder dat aangedui kon word „dag of datum wannert zyne uitbetalingen beschied zyn“. Van die geld wat uitbetaal is, kon nie altyd kwitansies voorgelê word nie en kwitansies wat wel beskikbaar was, was so onvolledig dat nie vorgeestel kon word waarvoor die geld uitbetaal is nie. Persoonlike en amptelike uitgawe van die Tesourier-generaal kon nie altyd onderskei word nie en wilens of wilens moes die kommissie tot die gevolgtrekking kom dat in die afgelope diensjaar „tusachen de 30 en 40 duizend ponden sterling door den Tesourier voor een groot gedeelte op eene onbehoorlyke en onverantwoordelyke wyze syn uitgegeven“.<sup>96</sup>

Begryplikorwyse het die besonderhede so 'n opskudding veroorsaak dat die Staatspresident gorn onder keuse gelad het as om Van der Linden onmiddellik te skote nie. Teen die ongelukkige man is daarna 'n hofgeding aan die gang greeit en na 'n langdurige verhoor is hy op 12 Augustus 1868

94. E.V.R. 110, pp. 485-486.

95. V.R.B. 26 Oktober 1867, art. 145.

96. V.R.B. 29 Oktober 1867, art. 118.



van „landsdievery" skuldig bevind en tot tien jaar „gevangenisstraf met harde arbeid in de ijzers" veroordeel.<sup>97</sup> 'n Droewige lot het op Van der Linden gewag maar nadat verhoër van vriende en familiebetrekkings tot die regering gerig is, is sy lui geleidelik versag: eers „door het afnemen van de ijzers", daarna is hy nie meer op straat soos 'n handiet in die werk gestel nie maar op kantoor gebruik om noudeasklike skryfwerk vir die regering te doen om uiteindelik na ongeveer sewe maande, in volle vryheid gestel te word.<sup>98</sup>

Met die veroordeling van Van der Linden het die saak nie geëindig nie. Nog lank is in die gedoente hly krap en in die proses het nog 'n hele aantal ongerymdhede aan die lig gekom. Per stuk van rekening het die Staatspresident self teenspoed ondervind en die gramskap van die Volkraad vir hom op die huls gehuif. Hoewel Pretorius niks onwettigs aangevang het nie, was hy dikwels geneig om die Volkraad met 'n eienmagtige optrede voor 'n voldonge feit te plaas waarvoor die Volkraad mettertyd 'n mate van kiewilrigheid geopenbaar het. Aan die end van November 1867 het so 'n eienmagtige optrede van die President aan die lig gekom toe hy op eie houtjie besluit het om landdros Moll van Pretoria 'n hoër salaris te betaal. Eers nadat met die uitbetaling van die verhoëde salaris 'n begin gemaak is, is die saak vir goedkeuring aan die Volkraad voorgelê wat nie alleen geweier het om aan die versoek te voldoen nie, maar ook besluit het die geld wat by sy goedgekeurde skaal aan Moll uitbetaal is, „zal worden terug betaald door den President".<sup>99</sup>

Dit het verder ook nog aan die lig gekom dat hy verkillende geleentehede meer papiergeld uitgegee is as waarvoor die Volkraad magtiging verleen het. Die verantwoordelijkheid vir hierdie handeling wat as uiters willekeurig beskou is, is uiteindelik by die Staatspresident uitgebring waarop die Volkraad besluit het om die saak na die Staatsprokureur te verwys.<sup>100</sup> Die Staatsprokureur se weloorwoë mening was dat die Volkraad die president reeds skuldig bevind het en dat vir die regbank niks anders oorbly as om Pretorius van muntvervalsing met te kla en hom dien-ooreenkomstig te straf nie. Tot die uiterste wou hy egter nie gaan nie en daarom het hy in sy advies ook met die moontlikheid rekening gehou dat 'n gewone misdryf begaan is en dat die saak dus verder ondersoek behoort te word.<sup>101</sup>

Pretorius wat altyd baie nongeeet die belange van die staat op die hart gedra het, het die handelswyse van die Volkraad so ter fiarte geneem dat hy as Staatspresident bedank het. Die Volkraad het geweier om die bedanking te aanvaar en dedelik 'n vriendeliker handing ingeneem. Met die advies van die Staatsprokureur voor hom, is besluit om die saak na die

97. Wessels, S. J.: *Handrik van der Linden*, pp. 61-65.

98. Vgl. T.N.D. 21 Augustus 1868, art. 1; L.R.B. 14 Desember 1868, art. 46; U.R.B. 14 Desember 1868, art. 46 en U.R.B. 8 Mei 1869, art. 2.

99. V.N.B. 27 November 1867, art. 206.

100. V.R.B. 27 November 1867, art. 200.

101. E.V.R. 180, p. 471; Staatsprokureur Fred Klein aan Volkraad, dd. Pretoria, 30 November 1867.

Staatspresident te verwys met die versoek „van zyn HEd. te vernemen, welke gronden er hebben kunnen bestaan, om zulke stappen te nemen”. In die afwesigheid van Pretorius het M. J. Viljoen, ’n lid van die Uitvoerende Raad, ’n skriftelike verklaring aan die Volksraad voorgelê waarin hy groode aangevoer het waarom dit nodig was om meer papiergeld uit te gee as wat die Raad pentahtig het. Met die verklaring het die Volksraad halfhartig ingestem en by die saak berus.<sup>102</sup>

Aan gedure sake was geen keer nie en nun die ongunstige finansiële toestand kon geen onmiddellike verandering gebring word nie. Die skokke wat die Volksraad met die swak administrasie van Van der Linde opgedoen het, het hulle egter op hulle hoede gestel met die gevolg dat ernstige pogings aangewend is om ’n herhaling daarvan in die toekomst te vermy.

Prof. A. N. Pelzer.